higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1140**(A)**(J11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Tweede Vraestel)

(9090165)

11 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Tweede Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woord of woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

pedofilie; fenielkentunorie; ekshibisionisme; nekrofilie; masochiste; Down se sindroom; homoseksualiteit; hidrosefalie; sadiste; voyeurisme

1.1.1 ... word gekenmerk deur die behoefte om die eie genitalieë vir iemand te wys wat dit nie wil sien nie.

1.1.2 ... geniet dit om 'n ander een seer te maak.

1.1.3 ... is die seksuele aangetrokkenheid tot mense van dieselfde geslag.

1.1.4 Die seksuele aangetrokkenheid tot lyke staan bekend as ...

1.1.5 ... is 'n aangetrokkenheid tot jong kinders.

1.1.6 ... geniet dit om seergemaak te word.

1.1.7 ... geniet dit om die intieme dade van ander dop te hou.

1.1.8 ... is 'n chromosoomafwyking wat geestelike gestremdheid veroorsaak.

1.1.9 Behandeling vir ... behels 'n spesiale dieet en voedingsaanvullings.

1.1.10 Babas met ... het 'n abnormale groot kop.

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Chroniese stres kan 'n mens se kanse op hipertensie verhoog.

1.2.2 Mense ly aan hipochondrie as hulle te min chondriete het.

1.2.3 Party mense eet meer as hulle negatiewe emosies ervaar.

1.2.4 Agorafobie is die vrees vir spinnekoppe.

1.2.5 Hidrosefalie kan deur 'n infeksie veroorsaak word.

1.2.6 Mikrosefalie word deur klein hande gekenmerk.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 Die gebruik van drank tydens swangerskap kan tot mikrosefalie lei.

1.2.8 Down se sindroom word deur 'n ekstra chromosoom veroorsaak.

1.2.9 Mense met fenielkentunorie moet hulle proteïen-inname verminder.

1.2.10 Kretinisme is as gevolg van 'n gebrek aan vitamine C.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem TWEE opiate. (2)

2.2 Noem VYF fisiese simptome wat deur jou gedagtes veroorsaak kan word. (5)

2.3 Wat kan 'n mediese sekretaresse doen om mediese voorraad effektief te bestuur? (8 × 1) (8)

2.4 Noem maniere waarop 'n mens daaglikse angstigheid kan verlig. (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Gee TWEE straatname vir amfetamiene. (2)

3.2 Noem VYF dinge wat by 'n pasiënt se eerste afspraak neergeskryf moet word. (5)

3.3 Teken 'n tabel soos dié hier onder, en noem daarin die verskille tussen 'n fobie en vrees wat met angstigheid gepaard gaan.

FOBIE	VREES

(8 × 1) (8)

3.4 Verduidelik of dit normaal is om 'n fetisj te hê. (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 4

4.1 Noem TWEE sensoriese simptome van konversieversteuring. (2)

4.2 Noem VYF soorte dissosiatiewe histerie. (5)

4.3 Verduidelik hoe 'n mens afsprake skeduleer wat oor die telefoon gemaak word. (8 × 1) (8)

4.4 Watter tekens waarsku 'n mens dat iemand 'n psigopaat is? (5 × 1) (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE liggaamlike effekte van LSD. (3)

5.2 Noem VIER motoriese simptome by iemand wat aan konversieversteuring ly. (4)

5.3 Hoe moet 'n wagkamer ingerig word om pasiënte 'n goeie indruk van die praktyk te gee? (8 × 1) (8)

5.4 Bespreek die invloed wat emosionele spanning op 'n mens se asemhaling het. (5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou